

Staan die Duiwel teen, deur vas te staan in die wapenrusting van God (I Pet 5:8-14)

Gebed

O almagtige God, U het ons in Petrus se brief opgeroep tot 'n nederige en heilige lewe. U het ons toegesê om bly te wees in lyding, maar Here ons het 'n teenstander. Die Duiwel loop rond soos 'n brullende leeu. Hy wil ons verslind, Here.

Rus ons vandag toe met wapens uit U Woord om Hom teen te staan. Gee ons geloofsoë om standvastig te wees in U beloftes. Gee ons gewillige hande en voete om op die pad te stap waarop U ons geroep het.

Ons bid dit, deur die Gees, in die Naam van Jesus Christus, tot eer van U, o God van alle genade.

Amen.

Skrifoordenking

1. Julle het 'n teenstander, die duiwel

8 Wees nugter, wees waaksaam!

Julle teenstander, die Duiwel, loop rond "soos 'n brullende leeu" op soek na wie hy kan verslind.

9 Hom moet julle teenstaan, standvastig in die geloof, in die wete

dat julle medegelowiges oor die hele wêreld dieselfde soort lyding verduur.

10 Maar al moes julle vir 'n kort tydjie ly,

sal die God van alle genade,

wat julle tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus geroep het,

julle herstel, bemagtig, versterk en stewig vestig.

11 Aan Hom die krag tot in ewigheid. Amen. (I Pet 5:8-11, 2020)

Petrus het ons sopas gebring by die punt waar ons, ons nederig aan God kan onderwerp, omdat ons, ons bekommernisse op Hom kon werp, dan bring hy weer 'n reuse werklikheid na vore:

Julle teenstander, die Duiwel, loop rond "soos 'n brullende leeu" op soek na wie hy kan verslind.

Onthou jy dat ons in Lukas geles het hoe Petrus eerstehandse ervaring daarvan gehad het:

31 "Simon, Simon!" het Jesus gesê. "Luister! Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. (Luk 22: 31)

Dis hoekom Paulus ook in Efesiërs vir ons die opdrag gee:

11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die listighede van die Duiwel. 12 Vir ons is die stryd immers nie teen vlees en bloed nie, maar teen die

owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van hierdie duisternis, teen die bose geeste in die hemelruim. (Ef 6:11-12, 2020)

Hy gee dan vir ons ses wapens en 'n sewende beginsel:

1. Ons moet ons heupe omgord
2. Ons moet 'n borplaat aantrek
3. Ons moet skoene aantrek
4. Ons moet 'n skild dra om die **vurige pyle van die Bose te blus.**
5. Ons moet 'n helm opsit
6. Ons moet n swaard in die hand neem
7. By elke geleentheid moet ons 'n kern afhanklikheids beginsel volg.

In die verse wat volg, leer Petrus ons hoe om staande te bly teen die Duiwel se aanslag.

2. Wees nugter, wees waaksaam!

Hy begin met:

8 Wees nugter, wees waaksaam!

Julle teenstander...

Die teenoorgestelde van nugter is dronk of bedwelmd. As ons bedwelmd of dronk is, is ons sintuie aangetas en is ons nie nugter of waaksaam nie. In die konteks van hierdie vers moet ons nugter en waaksaam wees, want ons het 'n teenstander, die duiwel... Met nugterheid en waaksaamheid moet ons sy leun raaksien.

Met die eerste lees, voel mens amper om vir Petrus te sê, maar ons kan nie – die Satan is te sterk en te slinks. Dan onthou ons, maar Petrus het ons mos al geleer wat dit beteken om nugter te wees:

13 Daarom,

*omgord die lendene van julle **verstand***

*en **tree nugter op;***

*hoop volkome op die **genade (I Pet 1:13)***

Hierdie vers het direk gevolg op die grootheid en genade van God. Dit het daarop gewys dat ons verstand nugter moet wees om God se genade en beloftes te sien en dat dit ons harte verander om te hoop op die genade in daardie beloftes. So, die nugterheid gee ons nie net die vermoë om ons teenstander en sy leë beloftes en sy leun raak te sien nie, maar ook die vermoë om God se krag en ryk beloftes, ja, die waarheid raak te sien en daarop te hoop.

Petrus gee dus vir ons die wapen:

*Julle moet julle heupe omgord met **die waarheid.***

Maar ons het op nog 'n plek gesien hoe Petrus die gedagte van “wees nugter” gebruik:

*7 Die einde van alle dinge **is op hande.** Daarom moet julle selfbeheersd en **nugter** wees, met die oog op **gebed.** (I Pet 4:7)*

So, nie alleen moet ons verstand nugter wees om kennis van God se beloftes te hê nie, maar dit moet ook nugter wees om te kan bid. As Petrus ons dus oproep tot nugterheid, is dit sodat ons kan lees en bid!

Petrus roep ons nie net tot nugterheid nie, maar ook waaksaamheid. Die teenoorgestelde daarvan sou wees om aan die slaap te raak. As jy nie nugter is nie, sien jy nie mooi nie en kan jy nie bid nie, maar as jy aan die slaap geraak het sien jy heeltemal niks. Dan stap jy letterlik blindelings in die versoekings in... Petrus weet dit al te goed, want presies dit het gebeur by Getsemané:

*Daarna kom Hy na die dissipels toe terug en kry hulle **aan die slaap**. Hy sê toe vir Petrus: "Kon julle nie eens een uur lank saam met My **waak** nie? **41 Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak.**" (Mat 26:40)*

Jesus se waarskuwing is waak en bid dat julle nie in versoeking kom nie, maar Petrus was nie waaksaam nie, hy het geslaap. En direk daarna het hy Jesus drie keer verloën...

So, die tweede wapen wat Petrus ons gee is die beginsel wat Paulus ook gee na hy die volle wapenrusting gegee het:

*18 Telkens wanneer julle **bid en smeek**,
moet julle by elke geleentheid **deur die Gees bid**.*

Selfs met die volle wapenrusting aan, moet jy bid en smeek by elke geleentheid.

3. Staan die duiwel teen met standvastigheid in geloof

Behalwe om die duiwel teen te staan met nugterheid en waaksaamheid, gaan Petrus verder met 'n spesefieke manier om Satan teen te staan.

*9 **Hom moet julle teenstaan**,
standvastig in die geloof,*

Dis juis wat Satan probeer doen. Hy brul soos 'n leeu en dreig om te verslind, maar die hoofdoel is nie om jou dood te maak nie. Hy wil jou dat jy jou geloof verloor. Dan het hy jou vir ewig gewen. As hy jou fisies doodmaak, maar jy het jou geloof behou, het hy niks gewen nie. Dit is presies waarvoor Jesus vir Petrus gebid het:

*31 "Simon, Simon!" het Jesus gesê. "Luister! Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. 32 Maar Ek het vir jou **gebid** dat jou **geloof** jou nie begewe nie. (Luk 22: 31-32)*

Ons tweede wapen om die Duiwel teen te staan was gebed deur die Gees. Hier sien ons Jesus tree ook in vir ons met gebed. Hier spesefiek dat ons geloof ons nie begewe nie. So, die manier om Satan teen te staan, is om vas in jou geloof te staan.

Dan help Petrus ons met wat ons moet glo:

in die wete

Gister se boodskap het geëindig met: **God gee om vir jou!** So, dis die eerste ding wat ons moet glo.

Dan sê Petrus:

in die wete dat julle medegelowiges oor die hele wêreld dieselfde soort lyding verduur.

Jy moet glo, God sonder jou nie alleen uit vir swaakry nie. Hy is nie teen jou nie. Die meeste Christene kry swaar saam met jou.

En die rede vir die swaarkry? Dit het Petrus vir ons gewys net voor die oproep om nugter te wees in hoofstuk 1:

7 Die doel was dat dit duidelik sou blyk dat die egtheid van julle geloof

— 'n egtheid wat baie kosbaarder is as goud wat verganklik is,

maar nogtans met vuur getoets word —

uitloop op lof en heerlijkheid en eer wanneer Jesus Christus geopenbaar word. (I Pet 1:7)

Met daardie egte geloof kan jy Satan teenstaan. Satan probeer dit uit jou uitsif, maar God gebruik juis dit om jou geloof nog sterker te maak.

So, die derde wapen om die Satan mee teen te staan:

16 Dra die skild van die geloof,

Hierdie wapen word ook direk aan die Bose gekoppel, want jou geloof is presies waarvoor sy vurige pyle op jou afgeskiet word. Daar staan:

waardeur julle in staat sal wees om al die vurige pyle van die Bose te blus.

Maar Petrus gaan nog verder met die “in die wete”, die dinge wat ons moet glo:

10 Maar al moes julle vir 'n kort tydjie ly,

sal die God van alle genade...

julle herstel, bemagtig, versterk en stewig vestig.

Die God van alle genade is die een wat ons tot sy ewige heerlijkheid in Christus Jesus geroep het,

Hy wil vir ons drie dinge uitlig wat ons nog verder moet glo:

1. Die eerste is dat hierdie swaarkry net tydelik is.
2. Die tweede is dat God ons bewaar in die swaarkry.
3. En die derde is dat God ons vir twee dinge geroep het.

Kyk saam met my of jy dit ook so kan raaksien in hierdie verse:

Hoekom is swaarkry net tydelik? Soms is dit net 'n kort tydjie in hierdie lewe, maar meestal in Petrus se brief verwys sy kort tydjie, na ons hele lewe. Dit mag dalk met die eerste hoor daarvan nie kort klink nie, maar as jy dit kontras met die ewigheid en die ewige heerlijkheid is dit voorwaar baie kort. Die belofte wat Petrus jou hier aan wil herinner is dat hy sy brief so begin het:

23 Julle is immers weer gebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad — deur die lewende en blywende woord van God. (I Pet 1:23)

Ja, deur die en blywende woord van God, is ons uit onverganklike saad is ons weer gebore.

Veg Satan met daardie vierde wapen:
en die swaard van die Gees, dit is die woord van God.

Die tweede ding wat in hierdie stukkie uitkom wat ons moet glo is:
sal die God van alle genade... julle herstel, bemagtig, versterk en stewig vestig.

Ons het 'n God van genade. Om die waarheid te sê, hier staan alle genade. Uit genade sal Hy:
herstel, bemagtig, versterk en stewig vestig.

Let op die eerste een die wonderlike lysie is herstel. Die duiwel mag dalk af en toe 'n veldslag wen en kan jy soos Job op die ashoop jou sit en krap met 'n potskerf, maar jy kan glo hy sal jou herstel net soos vir Petrus na sy verloëning.
As God ons dan so *herstel, bemagtig, versterk en stewig vestig*, bewaar Hy ons van die Satan se aanslagte. Onthou jy wat Petrus in hoofstuk 1 gesê het, Ons erfenis word vir ons bewaar en ons word bewaar vir die verlossing:

5 ja, vir julle wat, deur julle geloof, deur die krag van God bewaar word vir die verlossing (1 Pet 1:5)

So, saam met ons skild van geloof kry ons nog 'n wapen:
Dra ook die helm van verlossing

Die derde ding wat ons in hierdie stukkie moet raaksien is ons is geroep. Petrus wys vir ons twee dinge waartoe ons geroep is:

In hoofstuk 2:25 sien ons ons was verdwaalde skape – prooi vir die wolf... maar ons is geroep om terug te keer na die Herder en Bewaker van ons siele. Ons was geroep om Jesus se voorbeeld van lyding te volg en dan staan daar:

sodat ons ... vir geregtigheid kan leef

Dis ons volgende wapen:
bedek met die borsplaat van geregtigheid,

In hoofstuk 2:9 het ons gesien waartoe ons nog geroep is:
9 Julle, egter, is

“n uitverkore geslag”,

“n koninklike priesterdom”,

“n heilige nasie”,

“n volk wat aan God behoort”,

...

van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderlike lig —

en daar het die roeping uitgeloop om Hom te verheerlik:
“sodat julle die deugde kan verkondig”

En dit is dan ons laaste wapen:

15 en as skoene aan julle voete *die bereidheid vir die evangelie van vrede.*

Gister het Jakobus ons ook aangemoedig:

Weerstaan die Duiwel, dan sal hy van julle wegvlug.

Jy sien as jy die volle wapenrusting van God aan het en by elke geleentheid deur die Gees bid, sal die Duiwel van jou af wegvlug. In elkeen van hierdie wapens was God se krag, deur die werking van die Gees in ons, die onderliggende beginsel. Daarom eindig Petrus hierdie afdeling van sy brief en eintlik sy hele brief met:

11 Aan Hom die krag tot in ewigheid. Amen.

4. Slot: Staan vas in die ware genade

12 Ek het

deur Silvanus, na my oordeel 'n getroue broer,
kortliks aan julle **geskryf**
om julle te bemoedig
en julle nadruklik te verseker

dat **hierdie dinge die ware genade van God is.**

Staan vas daarin!

13 Julle **mede-uitverkorene** in Babilon, en Markus, my seun, groet julle.

14 **Groet mekaar met 'n soen van liefde.**

Vrede vir julle almal wat in Christus is. (1 Pet 1:12-14, 2020)

Ons gaan nie Petrus se slot in detail behandel nie, maar let op:

Petrus bevestig ook hier dis juis hoekom

hy geskryf het.

Hy wil ons met al hierdie dinge wat hy geskryf het bemoedig.

Die kern van sy bemoediging is dat Hy ons verseker

dat al hierdie dinge wat ons ontvang het, is ware genade van God.

Dit is waarin ons moet vasstaan as ons Satan moet teenstaan, swaarkry wil hanteer.

Dan vloei dit oor in 'n heilige lewe – een waar ons in liefde leef.

Vrede vir jou!

Samevatting

Die duiwel seek wie hy kan verslind...

So, *staan vas in die volle wapenrusting van God*

Wees nugter... en sien die waarheid,

omgord jou daarmee

Wees standvastig in die geloof,

dit is skild om die Bose se vurige pyle af te weer

Glo: Weer gebore deur die lewende

en blywende woord van God,
dis jou swaard
Glo: God bewaar jou vir die verlossing
Sit daardie helm op!
Geroep om vir geregtigheid te kan leef
Dis jou borsplaat
Geroep om Sy deugde te verkondig
Om Satan teen te staan, beteken nie om stil te staan nie. Trek die skoene aan en gaan verkondig die evangelie van vrede
Wees nugter... met die oog op gebed.
Waaksaam in gebed
Dit alles kan ons net doen deur te bid en smeeek by elke geleentheid deur die Gees.
Aan Hom die krag tot in ewigheid. Amen.

So, ons tema vir vandag:

Staan die Duiwel teen
deur vas te staan
in die wapenrusting van God

5. Oordenking

Fokus in jou oordenking op wat jy van God leer in hierdie gedeelte, veral in kontras met die Duiwel. Kyk ook spesefiek na rol van God in elke deel van jou wapenrusting.

6. Dankbaarheid

Petrus kan nie anders as om hierdie gedeelte te eindig in 'n dankbare uitroep van Aan Hom die krag tot in ewigheid nie. Noudat jy geklee is met God se volle wapenrusting, hoe gaan jy dit vandag aanwend om minstens een daad van dankbaarheid te betuig?

7. Aanbidding

Sluit hierdie sessie af in gebed en bid veral dat jy vandag, by elke geleentheid God sal bly aanroep om staande te bly teen die aanslagte van die Duiwel en nie op jou eie krag sal staatmaak nie, maar op Sy wapenrusting en Sy groot krag.

Vrede vir jou